

GENZA

Nuusflits



GENZA

News Flash

NEWSLETTER NO 2

25 JUNE 2020

FROM THE EDITOR

Dear Members,

We are back with the second Newsletter. Once again, the newsletter is filled with news from the branches, research ideas, resources, and member news. And there I was, worried that we will not have enough material for future editions. But the branches are going bigger and better. They are finding ways through the lockdown to get to their members.

From what we understand many of you made great progress with your research during the lockdown. Although some, like myself, might be starting to show signs of cabin fever.

Enjoy the winter. Make the most of your research. Break down those brick walls and share your experiences – we are looking forward to hearing from you!


Alta Griffiths

'N STUKKIE WYSHEID OP FACEBOOK

Deur Wilhelm Bernhardt

In antwoord op 'n navraag op 'n dame wat na haar 1881 Oupa-en Oumagrootjie soek op die bakkiesblad, kom Wilhelm Bernhardt met die raad vorendag:

“Genealogiese navorsing behels veel meer as besoeke aan internet webwerwe met klaargemaakte kitsantwoorde. Jy sal maar na die grendeltyd moet moue oprol en moeite doen om persoonlik in die argiewe en biblioteke uit te kom sodat jy jou navorsing kan begin. Het jy al by FamilySearch se Catalogue rekords probeer? Persoonlik sal ek sterk aanbeveel dat indien jy nog nie so gedoen het nie jy dit moet oorweeg om by 'n tak van GGSA aan te sluit. Daar is ervare mense wat jou kan help met wenke en raad. Die internet skep ongelukkig soms die illusie dat alle genealogiese vrae maklike antwoorde het. Dit is helaas nie so nie. Iemand het êrens ware harde navorsing gedoen om daardie webwerwe waarna jy verwys se data te bekom. Sterkte, jy is nou op die punt om die ware lekkerte van genealogie te ontdek”



----- oOo -----

A BIT OF WISDOM ON FACEBOOK

Translated by Carol Beneke

In response to a query by a lady who was searching for her 1881 great-grandfather and great-grandmother on Facebook, Wilhelm Bernhardt gives the following advice:

ARGIEF TOERE

Ellen rapporteer dat almal wat vir die Argieftoere aangemeld het en deposito's betaal het, bereid is om te wag totdat die Toere moontlik word. Hulle ontvang weeklikse inligtings-e-posse.



Planne vir 2020 / 2021

Gauteng Archive Crawl: GGSA het wel hoop dat hierdie toer in Oktober sal kan plaasvind. Dit hang af of argiewe en biblioteke dan al oop sal wees en hoe gemaklik die deelnemers sal wees om met mekaar te sosialiseer (met maskers, veilige sosiale afstande, ontsmettingsmiddels ens.).

Indien inperkings nie betyds gelig word nie of deelnemers nog nie in Oktober gereed is nie, word die toer net aangeskuif.

Wes-Kaap Argieftoer: Aan die ander kant twyfel GGSA of hierdie toer nog in 2020 kan plaasvind. Daar is net te min tyd omdat dit vir Augustus beplan was, deelnemers oor provinsiale grense per vliegtuig moet reis en die ingeskrewe oorsee se gaste moet wag totdat die kwarantantyd nie meer nodig is nie. Die toer is geskuif na iewers in 2021 en word sommer 'n gekombineerd 2020 / 2021-toer. GGSA-lede kan dus nou reeds vir 2021 aanmeld.

Vir meer besonderhede kontak asb [Ellen Harmse](#).

“Genealogical research comprises much more than visits to internet websites with ready made quick answers. You will need to roll up your sleeves after lockdown and put in the effort to personally visit the archives and libraries so that you can begin your research. Have you tried the Family Search’s catalogue? Personally, I will strongly recommend that, if you have not already done so, to join a branch of GSSA. There are experienced people that can help you with tips and advice. The internet unfortunately creates the illusion that all genealogical questions have easy answers. Alas, this is not so. Someone, somewhere, did the true and difficult research to find the data on the websites to which you refer. Good luck, you are now at the point of discovering the true joy of genealogy.”

Never a truer word said!

BRANCH NEWS / TAK NUUS

We asked the branches how it is going with their meetings and if they are managing to make contact with our members.

The lockdown is certainly not GSSA-member friendly. The branches reported that their members are missing the social interactions and that they are slowly but surely finding ways to maintain contact with their members. We also understand that demographics plays a role in the successes of video calls and cloud conferencing.



Feedback from the branches:


Johannesburg (Natalie da Silva) “Quite early on, we created a WhatsApp group which is working well. We send interesting snippets via the WhatsApp group and by email”.

Natal Midlands (Malcolm Brown) we have cancelled or postponed our monthly meetings.

Noord-Transvaal (Rentia Landman) “Ons mis ons taklede. Met Mei-maand se Zoom-takbyeenkoms was almal so bly om net weer mekaar se gesigte te sien soos wat hulle een-een ingeskakel het. Daarna is die kameras afgeskakel want dit gebruik te veel data as mens dit aanhou.”

Suidkaap (Abrie de Swardt) “Die bestuur van die Suid-Kaapse GGSA Tak het in die grendelperiode reeds vier vergaderings gehad. Dit sluit in twee Zoom-vergaderings, een WhatsApp-vergadering en een GEMASKERDE vergadering.”

VaalTriangle (Germaine Smith) “We Zoom”



Weskaap (Simone Kay) “Ons het WhatsApp probeer maar dit het nie byval by die lede gevind nie.”

eGGSA (Alta Griffiths) “It is business like usual! All our sources are online and we are keeping those in lockdown very busy”

NUK / NEC Die NUK wil ook nie agtergelaat word nie!

Die NUK het hulle eerste Zoom vergadering ooit Saterdag 27 April gehou. Die vergadering self was maar kort, die oues het so lank gevat om te konnekteer. Die entoesiasme van die komiteelede het egter opgemaak vir die verlore tyd.

Maar duidelik was Rome nie in een dag gebou nie. Die vergadering van 9 Mei was minder suksesvol. ‘n Optimistiese vier 40-minute sessies was geskeduleer. In die eerste sessie het die President se klank nie gewerk nie en in die tweede sessie was net 3 lede teenwoordig. Die res van ons wat wou inskakel het boodskappe gekry van “another meeting in progress”. Met ongedane sake, was die vergadering aangeskuif na 16 Mei en met ‘n baie meer suksesvolle poging het die komitee hulle Zoom-vertroue herwin, soveel so dat hulle nou net wil Zoom.